

14 Maart Genesis 49:14,15 en 1 Kronieke 12:30-32

Soek na die wil van die Here

Op sy sterfbed seën Jakob ook sy seun Issaskar. Hy is nie 'n leeu soos Juda nie; intendeel, hy word beskryf as 'n sterk pakkier wat tussen die saalsakke gaan lê. Dit is die plek waar die moeë reisigers gewoonlik gelê en rus het. En nou lê die pakkier daar. Issaskar word nie baie dinamies geteken nie. As sy vader hom beskryf as iemand wat bereid is om slawewerk te doen, is dit steeds nie 'n positiewe prentjie nie. En tog word in 1 Kron. 12:32 gesê dat hierdie menslik onbeduidende stam "die tekens van die tye verstaan het en geweet het wat Israel te doen staan". God het hierdie nederige stam so gebruik dat hulle God se wil verstaan het. Die Issaskar-wysheid was bekend. Die boek Prediker som dié wysheid op: Dien God en gehoorsaam sy geboie (Pred.12:13). Hierdie feit is basies vir ons lewe. Die grootste wysheid is om God in die middelpunt van jou lewe te stel, want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God en daarom moet niemand op mense roem nie (1 Kor. 3:19-23). Jy moet dus voor elke besluit wat jy neem, vra: Kan ek hierdie besluit vir God verduidelik? Kan ek God bid om my te help met wat ek nou wil doen? As jy dit kan doen, is jy op die pad van die Issaskar-wysheid. Elke gelowige kan op hierdie manier besluit wat reg of verkeerd is.

Sing: Psalm 36:3

Dr. A.G.S. Venter (Randburg-Oos)